

Kom ons stop die gate toe

Operasie Slagkat maak reeds die gate toe! Die projek begin met die hoofroetes na die skool en sentrale sakegebiede. Fondse wat ingesamel word vir hierdie projek, tesame met die munisipaliteit en moontlik bydraes van boereverenigings, sal aangewend word om die strate van Heilbron weer rybaar te maak. Donasies kan by Heilbron Herald inbetaal word. Daar is reeds 'n rekening vir die projek geskep. Die rekening en fondse word deur Danie du Plessis van San Jo's en John Watson van Heilbron Herald hanteer. Danie kan geskakel word indien jy enige ander bydrae met nodige voorrade soos sement en teer of hande-arbeid wil lewer. Alle Heilbronners sal uit die projek

baat as almal saamstaan en betrokke raak. Tans is dit nie net die dorpspaaie wat wenkbroue lig nie. Dr Kobus Hendriks het hierdie week ook met Volksblad gesels en hulle het berig oor die swak toestand van grondpaaie, "melkwaens kom laai daaglik 20 ton melk by hom op en hy benodig nagenoeg 60 ton voer per dag, maar die melkaankopers en voerverskaffers sien nie meer kans vir die slegte pad na sy plaas toe nie". Die tyd het ongelukkig aangebreek om op te tree en nie afhanklik te wees van owerhede om jou roete toeganklik te hou nie. Rekening-besonderhede: Rekening naam: Heilbron Herald, ABSA Tjekrekening, Rek Nr.: 920 380 131, Verwysing: Hbn Teerprojek.



Wolskaap reproduksie-kursus

Die NWKV het Dinsdag onder leiding van Bom Louw, streeksbestuurder, 'n wolskaap reproduksie-kursus by die Heilbron Gholfklub aangebied. Hierdie praktykgerigte opleidingsprogram bied aan elke wolboer die geleentheid om daardie bestuursaspekte en -vaardighede wat die grootste invloed op die ooi-kudde se reproduksie het, aan te leer en toe te pas. Sowat 30 skaapboere het hul potlode skerp gemaak toe hulle oortuig is dat wolskaap 'n goeie belegging is! Van die - veral jong boere - wat die sewe module kursus bygewoon het is agter Gideon Malherbe, Telania Strydom, Tanya Steenkamp, Yolandi Naude, Bom Louw, Louis Kleynhans en Petrus Claasen. Voor is Evert Kleynhans, Werner Nel, Estian Malherbe en Albie Schoeman. Tydens die vergadering is ook besluit om op 9 April 'n skaaphanteringskursus vanaf 08h00 op die plaas The Gums van Louis Kleynhans aan te bied. Hierdie kursus is gerig om plaaswerkers op te lei in skaaphantering.



DC FASTENERS
Groothandel in:

- boute
- skroewe
- moere
- wassers
- silicone (soudal)
- ketting

en vele meer!

Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francois by 066 293 4826 of e-pos: dcfasteners@gmail.com

NG Kerk Moedergemeente
Saterdag 2 Maart
vanaf 09:00 tot laat...
KINDERVERMAAK
Op soek na die boeresport-champion

- Pannekoek
- Poedings
- Vars gebak
- Kerrie-en-rys
- Braaivleis

- Vleistafel
- Witlofante
- Huisvlyt
- Hope
- kindervermaak

- **Plaasontbyt** word bedien vanaf 09:00 tot 10:00 (R40pp)
- **Kampioenpotte** sal bedien word vanaf 12:00 vir take-away (R40pp)

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake **ELKE** keer die **EERSTE** keer **REG** gedoen word!"

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB LOUWID

GESING VIR ALMAL

HY WAS 'N HARTEBREKER VAN FORMAAT. Gebore in 1927 en dood in 1999, toe hy homself doodgeskiet het. Hy is in Rotterdam, Nederland, gebore en na Suid-Afrika geëmigreer toe hy nege jaar oud was. Hy was die jongste van agt kinders.

Hy begin sy werksloopbaan as 'n elektrisiën op twintigjarige ouderdom. Hy het ook deelyds in verskeie kore gesing. Die eerste keer toe hy formele stem-opleiding gekry het, was toe hy 25 jaar oud was. Hy begin die Pretoriase Opera en sing vir die eerste keer, as 29 jarige, die hoofrol in 'n opera.

Hy kry 'n beurs om in Wene te gaan studeer, maar hy het nooit professioneel buite die grense van Suid-Afrika gesing nie. Hy verkoop sy elektriese besigheid en begin voltyds sing. Hy het meer as 3 000 keer op die verhoog verskyn en ongeveer 23 hoofrolle in operas vertolk.

IN DIE LIGTE MUSIEKBEDRYF HET HY OOR 40 JAAR 58 ALBUMS UITGEDEE. NEGE DAARVAN HET GOUE STATUS GEKRY.

Hy het ook in 'n aantal rolprente gesing, waarvan die bekendste sekerlik Hoor my Lied was.

(Het jy al sy naam?)

Ons het jare gelede op baie geleenthede na die noorde van Suidwes opgeruk. Dit klink baie lekkerder as wat ek sou sê dat ons in Namibië gaan kuier het.

Hiertydens is die dorp in rep en roer, want daar is 'n konsert en almal gaan saamsing. Net ter verdediging: daar was nog nie in daardie dae karaoke nie. Toe ek navraag doen oor wie die kunstenaar by die konsert gaan wees, kon niemand sê nie. Hulle het net geweet almal gaan saamsing.

Want, volgens die advertensie is daar 'n “Gesing vir almal”. By latere ondersoek kom ek agter dat die advertensie eintlik gelui het: “Gè Sing vir Almal”.

EN AS JY OUER AS 40 IS, SAL JY WEET DAT AL HIERDIE INLIGTING VAN TOEPASSING IS OP GÈ KORSTEN.

Volgens my pa was Gè die eerste een wat liedjies gesing het oor 'n bril. Een van sy treffers was “Sonder jou om daar wolke voor die maan.” Dit was, volgens my pa wie altyd reg was, omdat sy bril vuil was.

Ek het later aan nog 'n paar treffers gedink wat om dieselfde redes geskryf is.

I can see clearly now the rain has gone. I can see all obstacles in my way.

Of...

Ek kyk graag so diep in jou oë.

Wat van...

Smoke gets in your eyes.

En nog:

Not a dry eye in the house (deur Meat Loaf).

En as jy nie meer verder kan gaan nie, sing jy *Hungry Eyes*.

Ek voel ook so wanneer my bril vuil is. Ek het kleintyd vir my ma gelag wanneer sy gesê het dat sy nie die telefoon kan antwoord as sy nie haar bril opgesit het nie. Ek voel deesdae haar pyn.

EK KAN NIE WAKKER WORD AS EK NIE EERSTE DING MY BRIL OPSIT NIE. Dis nie net 'n kwessie van sig nie, maar ook om my brein te laat ontwaak.

Wanneer dit reën, gee ek kapsel natreën nie. Ook nie my klere nie. Vir my part kan ek 'n spierwit T-hemp aanhê en op pad wees na die naaste *wet T-shirt* kompetisie. Solank my bril net nie waterdruppels op het nie, want anders kan ek nie sien nie.

Ek weier om 'n nat jammerlappie in my kar rond te ry, want dit vat plek, is altyd in die pad en voel vir my effens *kommin*. Maar bewaar jou siel as jy my brillappie uit die kar uithaal, of iewers anders bêre.

Ek probeer om nie my bril êrens neer te sit nie. Ek bêre dit soms op my kop. Maar dit is nooit ver, buite my bereik nie. Want ek kan regtig nie daarsonder nie.

My ouma Swanepoel het altyd gesê sy is blind sonder haar bril. Sy was nie blind nie, maar het net baie swak sig gehad. Dit voel asof my hele wese uitgegee word wanneer ek nie my bril op het nie. Vergeet om enige iets gedoen te kry of om iewers heen te gaan. Ek kan bloot nie. Ek kan net nie sonder my bril nie.

Want as ek dit nie dra nie, dan kom daar wolke voor die maan.

Dit voel vir my komplete soos *smoke get in your eyes*.

As my oë geïrriteerd is, en die trane stroom, dan is daar nie *a dry eye in the house* nie.

Wanneer ek my bril soek sodat ek kan sien, kyk ek met *hungry eyes* om my rond om my bril na te spur. Nee, eintlik nie, want sonder my bril, kan ek nie my bril kry nie. Dis regtig 'n probleem van astronomiese proporsies.

Wanneer ek my bril weer kry en ek sien wat om my aangaan, sing my hart: *“I can see clearly now, the rain has gone. I can see all obstacles in my way. Gone are the dark clouds that had me blind. It’s gonna be a bright, bright, bright, sunshiny day.”*

Dankie tog vir lense wat my lewe makliker maak. Sela.

NS: Ek wonder of Gè regtig 'n bril gedra het? Ek dink nie so nie. Anders sou sy trefferflik nie “Hoor my Lied” gewees het nie. Dit sou eerder gewees het “Sien my Lied.” Dink ek.



Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim
DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag

09:00 Kooroefening

Dinsdag

09:00 Bloeddrukke

Woensdag

09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag

10:00 Sosiale program

Vrydag

09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYPDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576



KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Eerste Lydensweek

Sondag: 09:30 Erediens

Sagte Kollekte / Kleuterkerk / Sin Kol: Gemeentelike Ondersteuning / Kategese / Blok 2

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Kol: Teologiese Studentekas / Katkisasie: Les 6 / Diensbeurte: Wyk 3 & 4

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag 10:00 Erediens (Heilbron) - Eerste Lydensweek

Deurkollekte DVB / VBO Les 6 & 7 / Skinkbeurt

Groep 3

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREFF. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38,

Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag:** Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdiente & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00

Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00

Woensdae: 18:00 Bybelstudie

Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/ booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Höerskool Reitz trots op hulle personeel



Mnr. Johan Broekman van Hoërskool Reitz, het na aftoop van die Matriek-eksamen die nommer een posisie in die Vrystaat behaal met die vak Landbou-bestuur.



Twee Gr. 12-onderwyseresse van Hoërskool Reitz spog met eerste plekke in die Vrystaat ná die 2018 Matriekuitslae. Van links is Me. Ria Barnard (Rekenaartoepassingstegnologie) en Me. Riana Terblanche (Toerisme en Gasvryheidstudies)



Corli Swart vs Corli Swart

Hoërskool Heilbron spog met twee splinternuwe onderwyseresse. Op die foto verskyn Corli Swart en Corli Swart. Daar is geen drukfout met die name wat genoem is nie - albei juffies is Corli Swart! Corli Swart (links) is afkomstig van Frankfort en het in 2018 klaar studeer op Pukke in Potchefstroom. Sy gee reeds klas vir graad 4 tot graad 6. Corli Swart (regs) kom al die pad van Douglas af. Sy het op Pukke sowel as op Tukkie in Pretoria studeer. Sy gee klas vir graad 4 tot 9. Baie welkom aan albei van julle, mag julle vinnig tuis voel by die Bronnies.

Hoërskool Wilgerivier atlete presteer



Op die foto's verskyn Hoërskool Wilgerivier se seuns- en dogtersspanne wat die B-afdeling tydens die Multi Green atletiekbyeenkoms gewen het. Hierdie spanne het vierde van 23 spanne geëindig. Baie geluk aan al die atlete.

Bieliemieliefes



Die o/8-netbalspannetjie van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het baie goed gevaar in hulle wedstryde tydens die VKB Bieliemieliefes. Hulle wen Harrismith 4 – 3, wen Marquard 6 - 0 en speel gelykop teen Heilbron 2 elk. Hulle is van links agter: Hanneltje Meiring, Sulandri Bornman, Leané Bam en Elzaan Mentz. Voor: Quanda van Schalkwyk en Mooko Tau. Afwesig: Lebohang Sompane.



Op die foto voor: Bernard Richter (borg), Elsje Giliomee, Hennie Pelster (skoolhoof), Melani Vlok (spanbestuurder) en Cobus Fivaz (borg). Agter: Rinnalize Pieterse, Diana Mouton, Marike Muller, Rihana Cilliers, Anta-mari van Rensburg, Mieke Roberts, Jonel v Rensburg, Jone Lange en Lene Muller.



Op die foto van voor: Bernard Richter (borg), Johnny Muller, Hennie Pelster (skoolhoof), Spanjool Wessels (spanbestuurder) en Cobus Fivaz (borg). Middel: Wilhelm Burger, Pieter Groenewald, Christiaan Muller, MT Steyn, Kutlwano Mofokeng en Andries Eygelaar. Agter: Kalli Nyakallo, HW Muller en Wernich Vlok.

GEKLASSIFISEERD

Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELING			
Sa 2 Mrt.	16 / 34	Sonnig, warm	
So 3 Mrt.	14 / 34	Sonnig, warm	
Ma 4 Mrt.	17 / 31	Sonnig	
Di 5 Mrt.	18 / 32	Warm	
Wo 6 Mrt.	17 / 32	27% kans vir donderbuie	
Do 7 Mrt.	16 / 31	26% kans vir oggendbuie	
Vr 8 Mrt.	16 / 25	41% kans vir laatmiddagbuie	
Sa 9 Mrt.	15 / 26	42% kans vir reën	
So 10 Mrt.	15 / 26	51% kans vir donderbuie	
Ma 11 Mrt.	15 / 27	45% kans vir donderbuie	
Di 12 Mrt.	15 / 26	47% kans vir laatmiddag buie	
Wo 13 Mrt.	13 / 24	54% kans vir donderbuie	

Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033

TE KOOP



Fast, Reliable Wireless Internet
Now Available!!
From R299.00 p/m

Kerk Str. 44
Heilbron
072 842 4473
info@gigtechnologies.co.za



TE KOOP

Vir die eerste keer 'n forskop wat nie lek nie!!

Kontak Mnr Piet Smith
071 611 2144

TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak Jolandri
079 846 1075
Heilbron

SKOOL TERMINE

Sluit 15 Mrt. Open 2 Apr. • Sluit 14 Jun. Open 9 Jul.
Sluit 20 Sept. Open 1 Okt • Sluit 4 Desember

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieërde kroeg beskikbaar.

Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of
Magda Bierman 083 292 1503

KENNISGEWING

KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle SAREL PETRUS DU PLESSIS, Identiteitsnommer: 770818 5020 089, ongetroud en woonagtig gewees te plaas Driefontein, Heilbron (Vrystaat Provinsie) en wie oorlede is op 17 Januarie 2018.

Boedelnommer: 001595/2018 (Meester Bloemfontein)

Hiermee word kennis gegee dat duplikate van die likwidasië en distribusie rekenings (derde en finale) in die boedel hierbo vermeld, in die kantore van die Meester Bloemfontein en Heilbron Landdros Hof vanaf 18 Februarie 2019 tot 10 Maart 2019, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.

Gedateer te Pretoria op hierdie 6de dag van April 2019.

(GET) SA TINTINGER
242 LANGE STRAAT,
NIEUW MUCKLENEUK,
PRETORIA

BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON

PLEK: N.G Kerkzaal (Suid)

- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019



KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

Registrasienommer van boedel: 9133/2018.

Van: Mouton

Voorname: Maria Magdalena

Identiteitsnommer: 470904 0039 085

Laaste adres: Tannerstraat 44, Heilbron, 9650

Datum oorlede: 31 Augustus 2018

Meesterskantoor: Bloemfontein

Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderings in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne 30 dae vanaf 1 Maart 2018.

(GET) G SMALL
GERDA SMALL PROKUREURS
WATERSTRAAT 22
PARYS, 9585
TEL: 056 817 6026
VERW: G SMALL/M277

STORIE-BOEKE TE KOOP

Kaapse verhale, speur-, liefdesverhale en vele meer. R10 per boek.
Boeke in 'n puik toestand.
Skakel 082 923 9885
K1651

BOERBOKKE TE KOOP

- 32 Dragtige Ooie - R86 400
- 9 Jong Ooie - R14 500

Yolanda Theron
082 822 9408
DB

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.

Kontak Jaco Meiring
082 851 6158
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Oir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159



Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker



CORJAN DE JAGER
079 506 8777

Frankfort
Cornelia
Roadside



FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127

Frankfort
Cornelia
Oranjeville



DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn



GERHARD HARTMAN
082 550 2054

Villiers
Grootvlei



HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville



IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer



POSITION TITLE	Storeman, Pakworks (Pty) Ltd
	
MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS	Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies. The position will report to the Logistics Manager and will ensure that the Warehouse Operation runs smooth with the main focus on Inventory Control Accuracy, Quality and Service.
LOCATION	The position will be based in Heilbron, South Africa.
REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING	Grade 12
REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE	• Good communication skills. • Planning and organizing skills. • Ability to adhere to tight deadlines. • Experience and knowledge in a Warehouse Environment.
KEY PERFORMANCE AREAS	• Control the receipt, storage and despatch of stock so as to ensure that all stock items can be accounted for at all times. • Maintain effective stock rotation on a first-in-first-out basis to ensure stock freshness in accordance with company policy. • Ensure that all safety and security procedures are adhered to. • Ensure that the equipment are kept in good state of repair to ensure that is suitable for operation (Pallet Jacks & Forklifts). • Perform and co-ordinate daily/weekly stock counts and report shortages and surplus stock to the Logistics Manager to ensure 0% stock loss. • Accurate receiving of stock from Production. • Receiving stock into the Pastel system. • Willing to work shifts.
TECHNICAL KNOWLEDGE / COMPETENCIES	• Strong proficiency in Microsoft applications Excel, PowerPoint and Word • Pastel Partner work experience • Excellent verbal and written communication skills.
BEHAVIOURAL COMPETENCIES	• Highly motivated and results orientated • Team player / positive attitude • Live the Company's values

Closing date: 9 March 2019.
Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Geldenhuys
Tel: 058 852 3068 • Fax: 058 852 2216 • E-Mail: riana@pakworks.co.za

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegetydig uit die weg te ruim.

Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.

Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

heraldnuus@heilbron.co.za

Noord-Vrystaat atlete



Atlete van Hoëskool Heilbron wat in die Noord-Vrystaatspan ingesluit is gaan Saterdag aan die Vrystaat byeenkoms deelneem te DP de Villiers in Sasolburg. Verskeie atlete gaan in verskillende items deelneem soos volg: Voor: Carli Rochat (dogters o/13 - diskusgooi), Tiaan Britz (seuns o/12 - spiesgooi, diskusgooi, gewigstoot), Noeline Gavin (dogters o/10 - verspring), Aldi Strydom (dogters o/10 - gewigstoot) en Lourens Roux (seuns o/11 - verspring). Voor: Michaela Grobler (dogters o/13 - diskusgooi), Anelle Volschenk (dogters o/13 - spiesgooi) en Bees Britz (seuns o/13 - spiesgooi, diskusgooi en gewigstoot).

AN ULTRA-STYLISH,
affordable must
have this winter!
SOFTSHELL JACKET

ALPINE
Alpine Performance Softshell Jacket

Price includes one position Digital Transfer branding
*Set-up fee applies

R480
incl vat

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

REACH NEW HEIGHTS WITH OUR UNRIVALED
Championship
TEAMWEAR RANGE

CUSTOMISE YOUR KIT AND LET YOUR
TEAM STAND PROUD IN OUR
Championship range OF APPAREL
AND ACCESSORIES

Available in various colours and sizes
Enquire NOW!

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

VVA
(Vrystaat Versorging in Aksie)

Pannekoekbestellings @ R4-00 op
DONDERDAG 7 MAART 2019.
Beskikbaar by "Huis Annatjie du Preez",
PLEINSTRAAT 51 HEILBRON

Indien u belangstel skakel asseblief:
Adri van Rensburg 082 7380387, Jacomien Harmse
083 334 5443 of Ina Slabbert 083 389 3279.

Ons dank u vir die ondersteuning!

Reitz Krieketklub spog met nuwe spandrag



Reitz se dorpsspan is hierdie jaar geborg met nuwe krieketklere. Hulle nuwe borge is Reitz Auto Spares, Martin's en VKB. Die Krieketgroep is van links voor: Kobus Peens, Joe Anthony, Jaco van der Merwe (kaptein), Pieter du Toit, Thabo Mokoena. Agter van links: Freddie von Mollendorff, Brandon Snell, Tshepo Matueng, Fritz Wolmarans, Wentzel Coetzer, Brendon van den Berg, Luhan Roodt.

Wen met visvangkompetisie



Nog 'n jaar waar 'n lekker geslaagde visvangkompetisie plaasgevind het. Kleuterkaasteel het nie gras onder hulle voete laat groei met hierdie jaar se kompetisie nie. Die volgende persone word geluk gewens met hul pryse wat hulle gedurende die dag losgeslaan het. Op die foto bo is: Arno Swart, Jaco Coetzer, Gideon Swart, Cilla Rossouw, Erina Rabie, Wilmarie Smuts, Christa van Wyk, Annari van Dorssen, Elinka van Dorssen en Hans Kleynhans.

0722186727
colett@donsveertjie.co.za

Donsveertjie
Gasteplaas
&
Venue

Spesiale
aanbieding
Bespreek
NOU!!!
Betaal
deposito!!!
EN kry alle
dekor
GRATIS!

Geldig tot
31 Maart 2019
Nuut!!! Nuut!!!
Hout Tafels
Bos-Venue

Vaaldam se geheime - Deel 3

• **Renè Fourie - (Hulp Mart Cilliers en Victor d'Assonville (III))**

'n Vorige keer (Vaaldam se geheime, Deel 2) is vertel van die swaar hartseer wat Victor Edouard d'Assonville I getref het toe sy eerste vrou, Kobie, en twee seuntjies binne minder as twee weke in die Britse konsentrasiekamp by Heilbron gesterf het. Hier word nou verdere vertellings weergegee van dramas wat op die grond afgespeel het, waar die Vaaldam vandag is. Vandag iets meer oor die d'Assonville-gesin se ervarings.

Die oupagrootjie Roets se plaas is reeds in die negentiende eeu onder sy erfgename verdeel. Toe die oupa Roelof Grové in 1920 oorlede is, is Zandfontein se 1700 morges in ongeveer 10 plase verdeel sodat elke kind 'n deel gekry het. Twee seuns, Hennie Adriaan Grové en Roelof Grové byvoorbeeld het landbougronde gekry. Hulle suster, Martha Catharina d'Assonville (gebore Grové) erf toe die deel waar die dennebome was, naby die Rooibult, met omtrent 'n halwe kilometer rivierfront en op tot by die Rooibult. Maar kom ons gaan eers weer terug tot die jare kort ná die Anglo-Boereoorlog. Marthie (Martha) en haar man, Victor d'Assonville het aanvanklik na die oorlog in Heilbron gebly met hulle oudste drie kinders, Anna Francina d'Assonville, Roelof Grové d'Assonville en Aletta Gertruida d'Assonville (vernoem na haar ouma d'Assonville, gebore Terblanche, van die Oos-Kaap).

Toe Aletta 'n kleuter van so 18 maande was, is Victor d'Assonville in 1914 opgeroep om saam met genl Christiaan de Wet te gaan deelneem aan die protes wat later as die Rebellie bekend sou staan. Die oorsake van die Rebellie was in kort die volgende: Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het van die Boere nie kans gesien om hul bloed te gee vir hulle voormalige vyand en vîr die Engelse in 'n oorlog te gaan veg nie, veral nie ná al die smart wat hulle 12 jaar vantevore met die Anglo-Boereoorlog nog onder die Engelse gely het nie. Genl Christiaan De Wet en Kommandant-Genl Christiaan Beyers (onder andere) het hierteen saam met baie Afrikaners weerstand gebied. Die ontydige dood van genl. De la Rey was eindelik die vonk wat toe uitloop het op die begin van die Rebellie.

DRAMAS OP HEILBRON

Die Rebelle is patrioties ondersteun deur genl Hertzog en sy ondersteuners. In 1914 het genl Hertzog by Tuckers Hotel in Heilbron die Rebelle bymekaar geroep. Sy pleidooi was om kalm te bly, vrede te bewerk en nie te gaan veg nie. Op die ou end het die Regeringsmagte die Rebelle egter in 'n hoek gedryf omdat hulle gedwing is om die wapens op te neem om te veg. Daar was daardie tyd geweldige skeuring in baie families oor hierdie saak, ook onder die families by die Vaalrivier. Gedurende die Rebellie het die Rebelle vir drie weke die dorp van Heilbron beset onder leiding van hulle bevelvoerder, Kommandant Dawid van Coller. Daar was verskeie skermutselings, maar een veldslag wat hulle geveg het was by Elandskop, waar sommige van die Rebelle gesneuwel het.

“ABSOLOM SOEK VIR DAWID”

Een keer gedurende die Rebellie het Martha d'Assonville met haar drie kinders ongeveer 200m gestap na haar ouers se opstal. Toe hulle by die klipmuur verbyloop, hoor sy 'n hees stem wat na haar roep - dit was Josua Steyn (familie van die Vosloos van Cyferfontein). Hy gee die boodskap: “Absolom soek vir David”, m.a.w. sy skoonseun vervolg hom! “Marthie, het jy nie iets om te eet nie?” Sy het toe gereël dat klein Anna stilletjies 'n bord kos by hulle huis gaan haal wat toe sy vir Josua Steyn by die klipmuur gelos het.

Victor is op die ou end tydens die Rebellie saam met baie ander Rebelle deur die Regeringsmagte gevang en was vir ses maande in Kimberley in die tronk aangehou. (Genl Christiaan de Wet self was in Johannesburg in die gevangenis.) Hulle was op pad soontoe gedwing om op die trein “God save the King” te sing, maar het toe almal die Vrystaatse Volkslied gesing, terwyl Victor die rebelle dirigeer het. Daarop is hy toe in die strengste deel van die gevangenis

geplaas, met die broer van wyle genl Koos de la Rey as sy selmaat.

A F R I K A N E R - SELFRESPEK

Op 'n aand, maande daarna, het 'n polisieman die boodskap aan Marthie gebring dat haar man, Victor, met die trein na die stasie Coalbrook geneem word en daar gehaal moet word. Mnr Wiid (later professor op Stellenbosch), die hoof van die Laerskool Landhoek, het haar toe gehelp met 'n perdekar. Hennie Roets (wat neutraal gedurende die Rebellie was), 'n neef van Victor, het toe saamgegaan om hom te gaan haal. Op die vraag, wat die Rebellie nou eintlik teweeg gebring het, het Victor sy neef geantwoord: “Hendrik, het jy nog Afrikaner-selfrespek? Ons het dit vir jou gaan t e r u g v e g . Nooit weer sal 'n Jopie Fourie deur 'n Smuts doodgeskiet word nie ... Nooit weer sal op 'n Beyers geskiet word nie ...” Dit was 'n blye weersiens toe die perdekar op die plaas aankom.

Die gesin het ná die Rebellie weer 'n tydperk op Heilbron gebly. Dit was moeilike tye, maar Victor en Martha was ondernemend om hul inkomste te verbeter. Victor het bv in Oranjeville die pastorie van die NG Kerk gebou; so ook die huis van David Mocke, waarvan die murasie vandag nog op die RAU-eiland gesien kan word, asook die huis van Ouma Anna op die buurplaas met die naam Fonteintjie. Tant Sarie en oom Roelof Grové het later in dieselfde huis by die sipresbome gebly.

SMART OOR DIE GESIN – OPBOU

Dit was baie hartseer toe die jong Aletta d'Assonville (Aletta Frederika, 28 November 1913 - 17 Februarie 1923), derde kind van Victor en Marthie, op 10-jarige ouderdom aan skarlakenkoors oorlede is. Sy is in Heilbron begrawe.

Nadat Marthie haar stukkies grond geërf het (wat hulle toe Oase genoem het), het hulle besluit om verder van die rivier af 'n huis te bou, met klippe wat Victor self gekap het uit die klipplate van die Bloubosbank. Hulle kon van die ou materiaal van die vorige huis ook gebruik, bv plafonplanke, houtrame, deure, ens. Dit is hierdie huis se ruïne wat vandag nog op die RAU-eiland is.

Die gesin het geboer met koring en mielies, groente en vis, wat Marthie dan in Oranjeville geruil het vir ander items of ook verkoop het. Victor se visbedryf in die Vaalrivier was 'n unieke konsep in hierdie omgewing; die vis is ook in die dorp verkoop. Verder het hulle leivoor-stelsels aangelê vir hulle boerdery-bedrywighede.

ONDERWYS “ONDER DIE VAALDAM”

Behalwe vir Aletta wat op tienjarige ouderdom oorlede is, het die ander oudste kinders van die egpaar Victor en Marthie d'Assonville - Anna (Anna Francina, 29 Desember 1904 - 6 Junie 1985), Roelof (Roelof Grové, 28 Mei 1907 tot 8 Desember 1939) en Kona (Jacoba Dorothea Christina, 5 Augustus 1916 tot 2 Sept 2012) almal hulle skoolloopbane in die koshuis op Hoërskool Heilbron voltooi.

Ná 1914 se Rebellie is destyds die Helpmekaar Fonds op die been gebring waaruit Rebelle se kinders hulp vir hulle studiekostes kon kry. Só het beide Anna en Roelof beurse verwerf om in Bloemfontein te kan studeer.

In die middel 1920's het Anna d'Assonville die onderwysers-pos by die Vaalbank Skool gekry. Hierdie plaasskooltjie – ook vandag onder die Vaaldam - was op 'n plaas aan die

Transvaalse kant wat aan Daan en Annie Klopper behoort het. (Hulle een seun, Naas, ook van die “Vaaldam se bodem”, het later 'n mediese dokter geword.)

NIE 'N SKOOLBUS NIE MAAR 'N SKOOL-BOOT

Toe Anna d'Assonville by die Vaalbankskool begin skoolhou het, moes 'n plan gemaak word om haar en die Vrystaatse kinders elke dag oor die Vaalrivier by die skool aan die Transvaalse kant te kry. Vir hierdie doel het Victor toe eiehandig 'n vaartbelynde roeiboot ontwerp waarmee ses persone kon vaar. Só het die jong onderwyseres ook terselfdertyd met die skuit as “taxi” of “skoolbus” elke dag met kindertjies na die skooltjie op Vaalbank geroei. Op hierdie skuit was dan juffrou Anna d'Assonville, die onderwyseres, haar jonger sussie Kona (nog op skool), só ook later haar jongste boetie Victor d'Assonville (II), asook drie Grové

niggies en nefies, naamlik Anna en Fanie Grové met 'n jonger sussie Susan en later ook Lalie (vier kinders van Roelof en Sara Grové). Met tye as die rivier afgekom het, moes hulle die sterk strome in ag neem en was dit 'n unieke en selfs avontuurlike manier van skool-vervoer waarvoor baie dekades later nog met nostalgie vertel is!

Aan die einde van standerd ses het Kona op grond van haar skoolopleiding by Vaalbank se skooltjie die publieke eksamen geskryf en die hoogste punte in Transvaal behaal. Daarmee het sy 'n beurs vir die Hoër Volksskool in Heidelberg verwerf, wat ook verblyf in die koshuis sou insluit. Almal was só opgewonde, want dit was 'n groot finansiële uitkoms vir die gesin. Heel onverwags en op die nippertjie is die beurs weer gekanselleer, met die verskoning dat haar ouerhuis nie in die Transvaal is nie, maar in die Vrystaat, wat natuurlik 'n groot teleurstelling was. Sy moes toe met groot kostes na die koshuis en hoërskool van Heilbron gaan. Hier het sy matriek in 1934 met vlieënde vaandels geslaag, onder meer met die hoogste punte in Afrikaans, waarvoor sy as prys, boeke met gedigte van Totius ontvang het.

1934 – TWEE RAMPE TREF DIE GESIN

In die jaar 1934 het twee rampe die familie d'Assonville getref. Hulle ma Marthie (Martha Catharina) het onverwags op 4 Maart ná 'n kort siekbed gesterf. Sy is op eie versoek nie in die familiebegraafplaas nie, maar by Oase se opstal (vandag nog op die RAU-eiland) begrawe. Om alles te kroon was die plaas een van baie wat onteien is vir die regering se planne om die Vaaldam te bou. So het hierdie gesin se toekoms (soos ook al die ander families waar die Vaaldam sou ontstaan) onherroeplik verander. Almal moes wegtrek van die familie-plaas en geslagte se wortels hier in die Vrystaat.

Die d'Assonville-gesin moes oorleef en het noodgedwonge in verskillende rigtings, letterlik in Afrika, vertrek. Anna is met ds. Abraham Aucamp getroud en het vir hulle bediening op die Wit Hooglande na Kenia vertrek. Roelof het 'n onderwys-pos in SWA aanvaar en sy pa, Victor I, sowel as sy jong boetie van sewe jaar, Victor II, is kort daarna na Roelof in SWA. Kona het in Potchefstroom gaan studeer en daarna met 'n onderwyseurs aan die Heidelbergse Onderwyskollege.

VAN DIE VAALBANK TOT BUITE SA SE GRENSE

Dit is besonder om te kyk wat van die kinders geword het wat op die bodem van die Vaaldam, hoër die ontstaan van die

Vaaldam, gebore is.

Die oudste dogter van Victor en Marthie d'Assonville, Anna, het ná haar tyd as onderwyseres by die Vaalbank Skool later as predikantsvrou in Kenia en op verskeie dorpe in die Vrystaat haar plek volgestaan as 'n leier in die gemeenskap en kerklike lewe. Sy was getroud met ds. Abraham Aucamp en die egpaar het drie seuns gehad. Tot en met haar aftrede het sy dekades later nog in Potchefstroom Huishoudkunde onderrig. Daar is sy toe ook begrawe.

Roelof Grove d'Assonville het ná sy studies in Bloemfontein, waar hy onder andere by prof DF Malherbe klas gekry het, 'n onderwysepos in Suidwes-Afrika (vandag Namibië) gekry. Dit was dieselfde jaar wat die Angolaboere (oorspronklike Dorslandtrekkers) suidwaarts teruggetrek vanaf Angola na Suidwes-Afrika.) Hulle het hulle aanvanklik gevestig, onder meer in die omgewing van Outjo. Met sy aanstelling as onderwyser in SWA is Roelof toe gestuur na 'n plaas waar hy 'n nuwe skooltjie moes begin, aanvanklik onder 'n kameeldoringboom op die plaas Springvale, noordwes van Gobabis. Roelof is 'n paar jaar later met Martie Weyers, ook van die Vrystaat, getroud. Uiteindelik is die skooltjie op die buurplaas Manina gebou vir die oud-Angolaboere se kinders wat hier 'n vesting gevind het. Daar was Roelof tien jaar onderwyser, waarop hy versoek is om 'n tweede skool op te rig, dié keer by Nina in die Kalahari, suidwes van Gobabis. By Nina was hy vier jaar, van 1934 tot 1939. Hy is egter tragies en onverwags oorlede ná 'n maagoperasie in Windhoek, waar hy toe begrawe is. Hy en sy vrou het een dogter gehad.

Die volgende dogter van Victor en Marthie wat ook op die Vaalbank skool gegaan het, Kona, het aanvanklik met joernalistiek-studies in Potchefstroom begin studeer. Weens 'n gebrek aan fondse was sy egter genoodsaak om met 'n onderwyseurs na die Onderwyskollege in Heidelberg te gaan. Soos haar ouer suster, Anna, en ook haar broer Roelof het sy dus ook 'n onderwys-loopbaan ingeslaan. Haar latere man, Jan van der Walt, was self 'n onderwyser en sou later skoolhoof van die Tuine Hoërskool in Pretoria word. Die egpaar het twee dogters gehad. Kona het self 'n lang en suksesvolle onderwysloopbaan gehad en was ook baie begaafd as skryfster. Uit haar pen het verskillende opvoedkundige boeke en verskeie tydskrifartikels die lig gesien. Sy is in Pretoria oorlede en begrawe.

DIE LAASTE BOORLING VAN OASE

Die jongste kind van Victor en Marthie d'Assonville, Victor (II) (gebore op 18 Augustus 1927 in die plaashuis op Oase – vandag op die RAU-eiland), was so te sê een van die laaste boorlinge van “die Vaaldam se bodem” – dalk die enigste wat vandag nog leef? Nadat hy ook sy skooljare op Vaalbank begin het en sy moeder op sesjarige ouderdom verloor het moes hy weens die onteiening van hulle plaas noodgedwonge sy skoolloopbaan elders voortsit. Vier jaar lank was hy in sy broer, Roelof, se plaasskooltjie op Nina in die Kalahari. Wat vir hom 'n besondere tyd was, het ongelukkig skielik tot 'n einde gekom toe sy broer self op jong leeftyd gesterf het. Hy en sy vader, Victor I, moes toe elders regkom. Die eerste jare daarop was hulle twee by sy oudste suster, Anna, en haar gesin in die Oos-Vrystaat en daarna by die volgende suster, Kona en haar gesin - eers in Ventersdorp. Daarvandaan het Victor II Potchefstroom toe vertrek vir sy studies. Sy pa, Victor I, is met Kona-hulle na Pretoria waar hy in 1953 oorlede en begrawe is. Tot aan die einde van sy lewe het Victor I as veteraan van die Anglo-Boereoorlog die “Oudstryders-pensioen” ontvang.

Victor II, wat op Potchefstroom teologie studeer het, was eers meer as twee dekades predikant en toe vir die laaste deel van sy bediening ook professor aan die Potchefstroomse Universiteit. Daarna het hy hom toegespits op skryfwerk - tot vandag toe. Meer as 30 boeke en 'n paar honderd artikels het uit sy pen verskyn, veral oor Christelike en historiese temas. Hy woon tans nog met sy eggenote, Therèse (gebore van der Merwe) in Pretoria. Die egpaar het vyf kinders.



Therèse d'Assonville en Professor Victor d'Assonville



Victor d'Assonville



Therèse d'Assonville, Prof. Victor d'Assonville(II) en Kona



Heilbron verslaan Rust Ter Vaal

Heilbron het die loot verloor en eerste veldwerk gedoen waar hulle die besoekers uitgehaal het vir 133 lopies in 27 boulbeurte. Heilbron het die telling baie vinnig bereik waar Heilbron 135-1 gekry het in 19.2 boulbeurte. Heilbron wen met 9 paaltjies. Die boustatistieke is as volg: Theuns Botha met 6 boulbeurte, 6 paaltjies en 16 lopies afgestaan. Lourens

Willers met 5 boulbeurte, 3 paaltjies en 18 lopies afgestaan. Die kolfstatistieke staan as volg: Ifran met 93 lopies nie uit nie en Pieter Baan met 20. Heilbron speel Saterdag hulle laaste 35 boulbeurt wedstryd teen Sharpville in Vereeniging op Roshnee se velde om 13:00.



Op die foto is: Ifran Arshad, Lourens Willers, Pieter Baan, Peet Saayman, Wikus van Wyk, Asif Ali, Oneeb Muhammad, Norosh en Theuns Botha.

HBA Mug en vleispryse môre

Die maand van Februarie is op sy rug en goeie nuus is dat Maart vol verrassings is. Môre word die HBA Monthly Mug aangebied en oor twee weke op 16 Maart is dit Kopanang van Heilbron se beurt om 'n dag te hou. Die dubbels putjiespel is ook in aanvang en volgens lede se reaksie op sosiale media gaan hierdie 'n redelike intimiderende kompetisie wees. Die appèl van die baan-gradering sal ook in Maart bekend gemaak word, maar

die kanse lyk skraal dat die baan afgegradeer sal word. Ledegelde was teen einde Februarie betaalbaar. Daar is nog 'n grasietyd van sewe dae en onbetaalde lede sal dan op die stelsel geblok word. Die klubkampioenskappe gaan op 23 Maart aangebied word en Star Slaghuis sal die dag se pryse borg. Daar was 'n groepie spelers verlede Saterdag op Frankfort, maar buiten vir die gelukstrekking het die manne nie met veel teruggekom nie. Die inskrywing vir mug môre is vanaf 12:00 vir afslaan 12:30.

Spertyd vir bydraes en advertensies vir die koerant is WOENSDAG om 10:00. Indien u enige nuus het, skakel asseblief vir Jolandri by 079 846 1075.

2019 CAN/SA

Colouring SHAVATHON

www.shavathon.org.za

FOOTBALL

Shave / Spray / Donate

Adults - R50 Donation / Children under 12 - R25

SHOPPING CENTRES - 2 & 3rd MARCH 2019

WORKPLACES - 4 - 8 MARCH 2019

#CANSAShavathon

Langmarkstraat 62

Riemlander Trading Post

Venue: Heilbron (Luha)

Date: 1 Maart 2019 Time: 08:00 - 15:00

Proud Partners

WAHL

Elabor Flight

newsclip

Show your support for a cancer survivor

CAN/SA

Toll-free 0800 22 66 22 | www.shavathon.org.za

Facebook Twitter Instagram LinkedIn YouTube

Encourage • Educate • Support

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 4 MAART 2019

BULTFONTEIN 2- Weeklikse veiling

Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSdag - 5 MAART 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling

Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.

Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WESSELSBRON : BISMARCK BOERDERY

ALGEHELE UITVERKOPING

10 plase (totale grootte: 3876 ha), distrik Wesselsbron

Plase word as 'n eenheid of individueel verkoop

Losbates

11:00, Wesselsbron Gholftklub

Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WOENSDAG - 6 MAART 2019

POTCHEFSTROOM : EBARJONIER SAVM STOET

2de JONGRAM PRODUKSIEVEILING

130 Uitstekende SAVM skape

11:00, BKB veilingskrale, Potchefstroom

Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

DONDERDAG - 7 MAART 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling

Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling

Kontak Piet Wessels 082 857 7827

SMITHFIELD : BISMARCK BOERDERY

ALGEHELE UITVERKOPING

13 plase (totale grootte: 6301 ha), distrik Smithfield

Plase word as 'n eenheid of individueel verkoop

Losbates

11:00, Smithfield Gholftklub

Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

VRyDAG - 8 MAART 2019

STANDERTON Weeklikse veiling

Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling

Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT : EDDIE PRINSLOO

1ste PRODUKSIEVEILING - HEUNINGKRANS MERINO'S

40 Horing en poenskop

stoet en kudde ramme (2-land)

11:00, Skurwekop BV saal, Frankfort

Kontak Danie de Wet 082 772 4537

www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD 2005/026173/07

Posbus 220, Frankfort, 9830

Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317

e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

BKB

LOUID